# Bereidheid om Jesus te volg



**2024-02-25**
**AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**

1

## Luk 14:25 Die koste van dissipelskap

Luk 14:25 En groot menigtes het saam met Hom gegaan, en Hy het Hom omgedraai en vir hulle gesê:
Luk 14:26 As iemand na My toe kom en hy haat nie sy vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs ook sy eie lewe nie, kan hy my dissipel nie wees nie.
Luk 14:27 En elkeen wat sy kruis nie dra en agter My aan kom nie, kan my dissipel nie wees nie.
Luk 14:28 Want wie van julle wat 'n toring wil bou, gaan nie eers sit en die koste bereken, of hy die middele het om dit uit te voer nie? —
Luk 14:29 sodat as hy die fondament gelê het en nie in staat is om dit te voltooi nie, almal wat dit sien, nie miskien met hom sal begin spot
Luk 14:30 en sê: Hierdie man het begin bou en kon nie klaarkry nie.
Luk 14:31 Of watter koning wat optrek om teen 'n ander koning slag te lewer, gaan nie eers sit en beraadslaag of hy in staat is om met tien duisend die een te ontmoet wat met twintig duisend teen hom kom nie?
Luk 14:32 Anders stuur hy 'n gesantskap as die ander een nog ver is, en vra vredesvoorwaardes.
Luk 14:33 So kan dan ook niemand van julle wat nie afsien van al sy besittings, my dissipel wees nie.

2

# Wees lief vir Christus, bo enige iets anders

Luk 14:26 As iemand na My toe kom en hy haat nie sy vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs ook sy eie lewe nie, kan hy my dissipel nie wees nie. (1953)

- Sal jy Jesus kies bo enige iets anders?
  - ✓ Selfs jou geliefdes.
- Wees bereid om afstand te doen van dinge wat vir jou kosbaar is.
  - ✓ Sal jy dit opoffer?
- Selfs jou eie lewe?
  - ✓ Jou eie belange; persoonlike tyd en selfs vryheid.
  - ✓ Jou reputasie.

Luk 14:26 As iemand na My toe kom, moet jy My liewer hê as jou eie pa en ma, vrou en kinders, broers en susters, en ook jou eie lewe gering ag. Anders kan jy nie my dissipel wees nie. (NLV)

3

# Bereidheid om die prys te betaal om Jesus te volg

- Kom agter Jesus aan = rykdom en roem?
- Jesus sê die teenoorgestelde.
- Haat alles wat vir jou ‘n struikelblok gaan wees.
- Christus moet bo ALLES wees in jou lewe.
  - ✓ Is jy bereid?

4

# Elkeen moet sy kruis dra

Luk 14:27 En elkeen wat sy kruis nie dra en agter My aan kom nie, kan my dissipel nie wees nie.

- Jy word moontlik nie fisies gekruisig nie, maar dra jou kruis asof jy daarop gekruisig gaan word.
- Lê jouself af. Dit simboliseer die afsterwe van ons ou self.
- Bereid om 'n prys te betaal vir jou geloof in Jesus.
- Bereid om te reageer wanneer Jesus praat.
- Bereid om jou kruis te dra vir Christus as jy moet kies tussen lig en duisternis.



5

# Bereid om die kostes te bepaal en te dra om 'n dissipel van Christus te wees



Luk 14:28 Want wie van julle wat 'n toring wil bou, gaan nie eers sit en die koste bereken, of hy die middele het om dit uit te voer nie? —
Luk 14:29 sodat as hy die fondament gelê het en nie in staat is om dit te voltooi nie, almal wat dit sien, nie miskien met hom sal begin spot
Luk 14:30 en sê: Hierdie man het begin bou en kon nie klaarkry nie.

- Kostes van dit wat jy gaan moet aflê.
- Kostes om die Here steeds te loof en prys in alle omstandighede.
- Kostes van dit wat jy dalk gaan moet verduur agv jou Christenskap.
- Kostes van aanslae deur die vyand.

6

**David Meece – Count The Cost**

You gotta count the cost
If you're gonna be a believer
You gotta know that the price
Is the one you can afford
You gotta count the cost
If you're gonna be a believer
You gotta go all the way
If you really love the Lord

He never said it would be easy
He never promised a free ride
There's a costly fee
If you want to be on His side
Oh the Father knows the cost
His only Son was the price
And when He says to "Follow Me"
He's asking of a man His life



The modern day disciple
Still has a price to pay
There's a war within
And war with sin
And he fights it everyday
So be sure and understand
The voice you hear behind the call
You can't come with half a heart
Because He's asking for it all

You gotta count the cost
If you're gonna be a believer
You gotta know that the price
Is the one you can afford
You gotta count the cost
If you're gonna be a believer
You gotta go all the way
If you really love the Lord

Songwriters:
John W Thompson / Randy Scruggs

7

# Bereid om gevare te trotseer deur 'n dissipel van Christus te wees

Luk 14:31 Of watter koning wat optrek om teen 'n ander koning slag te lewer, gaan nie eers sit en beraadslaag of hy in staat is om met tien duisend die een te ontmoet wat met twintig duisend teen hom kom nie?
Luk 14:32 Anders stuur hy 'n gesantskap as die ander een nog ver is, en vra vredesvoorwaardes.

- As Christen is jy in 'n geestelike oorlog. Soldaat.
- Is jy bereid om die magte van die duisternis te trotseer?



8

# Bereid om ook van besittings afstand te doen

Luk 14:33 So kan dan ook niemand van julle wat nie afsien van al sy besittings, my dissipel wees nie.

- Is jou liefde vir besittings groter as jou liefde vir Jesus?



9

# Bereidheid om smaaklik te wees
# Bereidheid om nie terug te draai nie

Luk 14:34 Die sout is goed, maar as die sout laf geword het, waarmee sal dit smaaklik gemaak word?
Luk 14:35 Dit is nie bruikbaar vir die grond of vir die ashoop nie. Hulle gooi dit buitekant weg. Wie ore het om te hoor, laat hom hoor.

- Dissipels van Jesus is die sout van die aarde.
- Is daar vir goeie gebruik.
- Sout kan egter smaak en geur verloor.
- Hoe kan dit dan weer sout gemaak word?
- Dit is vir niks bruikbaar meer nie.
- Ons het 'n groot verantwoordelikheid om seker te maak ons bly smaaklik.



10

## Bereidheid vir die evangelie van vrede

Ef 6:15 en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede.

- Evangelie van Jesus Christus.
- Dit bring vrede met God
- Vrede met ander
- Vrede met onsself.
- Gereedheid ("preparation")

*Mat 10:11 En in watter stad of dorp julle ook al mag ingaan, ondersoek wie daarin waardig is, en bly dáár totdat julle vertrek.*

*Mat 10:12 En as julle die huis ingaan, groet dit;*

*Mat 10:13 en as die huis dit waardig is, laat julle vrede daarop kom, maar as dit nie waardig is nie, laat julle vrede na julle terugkeer.*




11

## Bereidheid om Jesus dien.

Rom 12:11 wees nie traag in die ywer nie; wees vurig van gees; dien die Here;

12